**WOENSDAG 17 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 36:1-3, 20-32**
**FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 36:23**

**Jehudi se skokkende ervaring**

Het u al gesien hoe iemand sy intense weersin in God se Woord demonstreer deur ’n Bybel te verbrand? Dis byna ondenkbaar ... Tog het Jehudi so iets ervaar!

Jehudi was maar net ’n dienskneg in die koning se paleis, maar daar sit iets besonders in sy naam, want dit beteken “Jood”. Hy was die agterkleinkind van Kusi wat, op grond van sy naam se betekenis, ’n Kussiet, ’n man uit Afrika, was. Ná die derde geslag kon ’n uitlander, ook ’n Kussiet, deel van die Joodse volk word. Jehudi se naam sê hy is nou deel van God se volk.

Die groot ironie in dié gedeelte is dat Jehudi, wie se voorgeslag heidene uit Kus was, nou die woorde van die Here wat in ’n boekrol opgeskryf is, vir die Joodse koning moes voorlees. Die Here stuur sy Woord dus op ’n besonder betekenisvolle manier na die koning. Iemand wat uit die duisternis van die heidendom na die lig saam met God se volk gekom het, bring die Here se Woord.

Die koning van die Jode is egter in die duister! Kyk na sy reaksie! Hy sny die boekrol waaruit Jehudi besig is om te lees, stuk vir stuk af en gooi dit in die vuur. Hy verwerp dit. Hy wys dat hy geen, maar géén waarde daaraan heg nie.

Daar is soveel mense wat dieselfde doen. So baie wat weier om die Here se Woord te aanvaar. Deesdae sien ’n mens gereeld hoe mense aktief die Here se Woord verwerp. Benewens die feit dat dit sommer net tot mensewoorde gedegradeer word, word dit boonop dikwels as belaglik afgemaak.

Eeue ná koning Jojakim se optrede, sou sy nageslag weer dieselfde doen. Hulle het die Woord wat aan die kruis op Golgota vlees geword het, verwerp. Soos koning Jojakim in die proses die ware lewe verloor het, sal elkeen wat die vleesgeworde Woord verwerp, verlore gaan. Elkeen wat egter die Woord in geloof aanvaar, sal daardeur lewe.

“Wie die Seun het, het die lewe. Wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie” (1 Joh. 5:12).

*Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5*
*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*